

**29 November**

**Skrifgedeelte: Matteus 7:1-6**

**Fokusgedeelte: Matteus 7:5**

### **Die splinter in die oog**

Die Here leer ons dat ons mekaar "vrymoedig moet berispe" (Lev 19:17). Paulus spoor die gelowiges in sy briewe altyd aan om mekaar te vermaan, en Christus het ons beveel : "En as jou broer teen jou sondig, gaan bestraf hom ..." (Matt 18 : 15).

Ons mag mekaar nie agteraf beskinder nie of soos Kain ons skouers optrek oor ons naaste nie. Ons moet met hom gaan praat! Pas op! Dis 'n teer werk ... 'n fyn operasie. Die Here vergelyk dit met die uithaal van 'n splinter uit jou broer se oog. Ons kan hom nie bydam en die splinter met die nael uitkrap nie. Vir so 'n geveinsde sê Christus: "Jy is onbekwaam en lomp en te stompsinnig om so 'n teer werk te doen. Haal eers die balk uit jou uie oog. Begin by jouself, jou eie sonde, swakhede en gebreke ... in jou binnekamer ... op jou knieë ... voor God! Dit is pynlik ... maar die balk moet uit. Dan kan jy goed sien om die splinter uit jou broer se oog te verwyder"

*Sing: Psalm 19:6 Ds PJW Louw (Emeritus)*